

CLUSTER VRAESTEL FET – AFRF – GT – 09
MIDRAND FOURWAYS OTHER PRETORIA
VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 – VRAESTEL 1

TYD	2½ UUR
PUNTE	100
EKSAMINATORS	CLUSTER ONDERWYSERS
SAMESTELLER	ME. K GROBBELAAR
MODERATRISIE (EKSTERN)	ME. G MECCHI
DATUM	SEPTEMBER 2025

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:
Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B Opsomming (10 punte)
Afdeling C Poësie (30 punte)
Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)
3. Beantwoord al die vrae in jou antwoordboek.
4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. Lees ÉN volg die INSTRUKSIES by ELKE VRAAG baie deeglik.
6. Begin ELKE VRAAG op 'n nuwe bladsy.
7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genummer is.
8. Laat 'n REËL OOP tussen jou antwoorde.
9. Beantwoord ALLE vrae **in Afrikaans**.
10. Dis in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1 TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Namakwalandse tweeling laat land op TikTok skaterlag
Anena Burger**



[Bron: Instagram]

- 1 'n Identiese tweeling van Concordia in Namakwaland laat Suid-Afrika skaterlag met hulle TikTok video's oor Namakwaland se mense en hulle "doendinge". Caylin en Caytlin Magerman (25) het in hulle wildste drome nooit kon dink dat hulle "storietjies" binne vier jaar meer as 200 000 volgelinge na hulle TikTok kanaal sou lok nie.
- 2 "Ons kon ons oë nie glo toe ons Vrydag die 200 000-merk haal nie. Mense weet mos nie eintlik van ons Namakwalanders nie," sê Caylin. Die twee susters het in 2021 kort na hul ma se dood 'n kanaal op TikTok onder die gebruikersnaam #caytwins2000 begin.
- 3 "Ons het eers net op die video's gedans, maar gou besef ons gaan nie veel daardeur bereik nie," sê Caitlin. Ná hul ma se dood het hulle vir 'n ruk lank by hulle ouma op Concordia gewoon. Dit is die plek waar hulle in hulle kinderjare gekuier het – Ouma se huis waar so baie mense aangedoen het en hulle so baie stories gehoor het.
- 4 "As kind hoor jy die grootmense se stories en jy sien hulle bewegings. Alhoewel dit nie dan werklik 'n impak maak nie, steek dit tog iewers vas," sê die tweeling. "Jy hoor hoe mense oor hulle lief en leed, die dinge wat hulle pla en dinge wat in die gemeenskap gebeur praat en jy sien hoe hulle daarop reageer."
- 5 Die tweeling sê omdat hulle lief is vir drama, opvoerings en storievertellings, het hulle besluit om hulle eie stories oor hulle eie mense en wat daagliks in hulle gemeenskappe gebeur te skep en op TikTok op te voer. "Ons het nooit drama op skool geneem nie, maar ons is baie lief daarvoor."

- 6 Kort voor lank is daar 'n paar karakters gebore soos Sonja en Steven, die stoute Makwankie en die anties in die straat. En dan klein Leah met die opblaaswange wat saans om 21:00 eers deur haar huiswerk moet sukkel met die "verlede tyd-goed". Of die seuntjie wat met sy ma baklei omdat hy 'n nuwe paar tekkies nodig het, maar sy drink sy Sassa-toelae uit.
- 8 "Hierdie karakters is almal gebore uit dinge wat voor ons afgespeel het. Elke huis het mos 'n Leah-kind wat eerder wil speel en saans laat haar huiswerk wil doen," sê Caylin. Die tweeling boots selfs elke handbeweging na wat deur die mense uitgevoer is wat die inspirasie vir hulle karakters was. Die Namakwalandse ouma wat haar wasgoed met die hande was of die ma wat haar verliefde dogter probeer oorreed om haar oproep met 'n jongman te beeindig deur vir haar 'n besem aan te gee.
- 9 Cailin en Caitlin het gou besef dat hulle video's 'n wye impak het. Hulle het groot drome om dalk volgende jaar hul karakters na die verhoog te neem. Maar vir eers woon hulle nou in Kathu waar die skrandere sussies wil studeer om elektriese ingenieurs te word. Hulle het ook beroemd geword en word oral herken. "Dit is so vreemd om by 'n winkelsentrum in te stap of net na 'n rugbywedstryd te gaan kyk en die mense sak op jou toe en wil met jou gesels."
- 10 "Dis soms moeilik om mense te bereik en die res van die wêreld van jou gemeenskap se uitdagings bewus te maak, maar nou het ons dit op so 'n platform reggekry." Hul ondersteuners het net lof vir die tweeling. Een van die inwoners van Springbok het geskree van die lag toe hy na hulle opvoering oor 'n begrafnis se "after tears" gekyk het. Dit is presies hoe dit op 'n begrafnis gaan. Die twee mis niks nie!


[Verwerk en aangepas uit: Netwerk24 20 Junie 2025]

- 1.1 Op watter platform het die tweeling hulle video's gelaai? (1)
- 1.2 Haal 'n woord uit paragraaf 1 aan wat aandui dat die twee sussies presies dieselfde lyk. (1)
- 1.3 Die tweeling se bekendheid het uit hulle hartseer ontstaan.
- 1.3.1 Is bogenoemde stelling **waar** of **onwaar**? (1)
- 1.3.2 Motiveer jou antwoord met **vyf opeenvolgende woorde**. (1)
- 1.4 Leah hou nie van huiswerk nie.
- 1.4.1 Hoe wys Leah dat sy nie van huiswerk hou nie? Haal een woord uit paragraaf 6 aan. (1)
- 1.4.2 Hoe kan jy aflei dat die nie maklik vir Leah is om Taalwerk te doen nie? (1)
- 1.5 Hoe weet jy dat die tweeling nie vir die res van hulle lewens video's wil maak nie? (1)

- 1.6 Dink jy dit is goed as mense jou oral herken? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.7 Verduidelik die ironie in die laaste paragraaf. (2)
- [10]**

VRAAG 2 INFOGRAFIEK

Bestudeer die infografiek en beantwoord die vrae wat daarop volg.



[Bron: Verwerk uit Netwerk24 grafika24]

- 2.1 Hoeveelste op die wêreldranglys van erge spitsverkeer is Kaapstad? (1)
- 2.2 Hoeveel tyd het die Kapenaars as gevolg van swaar verkeer in 2024 verloor? (1)
- 2.3 Watter stad het die derde meeste ure deur spitsverkeer in Suid-Afrika verloor? (1)
- 2.4 In watter stad het die veranderinge sedert 2022 en 2023 dieselfde gebly? (1)

2.5 Bestudeer weer die inligting in die grafiek.

2.5.1 **Kies die antwoord wat die beste pas. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.**

In watter stad sal jy eerder wil bly as jy meer tyd by die huis wil bestee?

A Kaapstad

B Johannesburg

C Pretoria

(1)

2.5.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in Vraag 2.5.1.

(1)

2.6 Hoekom, dink jy, is daar erger verkeersprobleme in die groot stede?

(1)

2.7 Watter twee stede het geen verandering in 2023 gehad nie?

(1)

2.8 Watter visuele leidraad is daar dat die infografiek oor die verkeer gaan?

(1)

2.9 Op watter manier, dink jy, beïnvloed die lang ure in die verkeer besighede?

(1)

[10]

VRAAG 3 ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Rapport, Netwerk24 en die Rapport Onderwysfonds bied aan:

Rapport Onnie maak 'n plan

Stem vir jou gunsteling-onnie!

Ons het gevra vir innoverende onnies wat slim planne maak en julle het geantwoord.

Van onderwysers wat 'n Monopoly-geldspeletjie ontwikkel het tot 'n higiëne-stasie in die klaskamer en 'n skool met 'n groentetuin om honderde leerlinge te voed, die top 10-finaliste in die Onnie maak 'n plan-kompetisie is uit die boonste rakke.

En nou is dit tyd om vir jou gunsteling-onderwyser te stem!

Só kan jy stem:

Met 'n SMS

Stem vir jou gunsteling-onnie deur die kodewoord **ONNIE** te SMS na **34581** saam met jou naam en van. Net een stem per selfoonnommer word aanvaar.

[Bron: Verwerk uit Netwerk24]

- 3.1 Wat is die slagspreuk van die advertensie? (1)
- 3.2 Waarna/Na wie verwys die advertensie met die woord "onnie"? (1)

- 3.3 "Ons het gevra vir slim onnies wat innoverende planne maak en julle het geantwoord."
- 3.3.1 Wie is die "ons" in die advertensie? (1)
- 3.3.2 Wie is die "julle" in die advertensie? (1)
- 3.4 Jy mag verskeie kere per sms stem.
- 3.4.1 Sê of bogenoemde stelling **waar** of **onwaar** is. (1)
- 3.4.2 Motiveer jou antwoord deur **drie opeenvolgende woorde** aan te haal. (1)
- 3.5 Kyk na die onderstaande illustrasie.



Kies die korrekte woord uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en woord neer.

- Die gunsteling-onnie gebruik 'n (aardbol/aartappel) wanneer hy Geografie verduidelik. (1)
- 3.6 Hoe trek die advertensie jou aandag? (1)
- 3.7 Watter plan het die onnie gemaak wat wou verseker dat studente gesond eet? (1)
- 3.8 Haal **drie opeenvolgende woorde** aan wat sê dat die finaliste in hierdie kompetisie uitstekend in hulle werk is. (1)

[10]

30 punte

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 4 Vyf maniere hoe ouers tieners kan hanteer**

- Lees die onderstaande teks.
- Som die vyf maniere op hoe ouers tieners kan hanteer en hoe dit die tiener sal help.
- In elke sin moet jy sê wat **die manier** is en ook **hoe dit die tiener sal help**.
- Jy kan elke punt in **EEN of TWEE volsinne** neerskryf.
- Nommer jou vyf antwoorde van **1–5**.
- Jou opsomming moet ongeveer **70 woorde** bevat.
- Begin jou antwoorde soos volg: **Jy moet ...**

Onthou:

- om 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer te skryf.
- om nie volsinne direk uit die teks aan te haal nie.
- dat jy gepenaliseer sal word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde is)
- dat elke antwoord EEN of TWEE volsinne mag wees en 'n **manier vir die ouer en hoe dit die tiener sal help**, moet bevat.
- om jou opsomming te beplan voordat jy dit begin skryf. **Trek 'n streep deur jou beplanning** sodra jy met die opsomming klaar is.

'n Groot deel van grootword is dat tieners grense gaan toets en reëls gaan bevraagteken. Langs die pad gaan reëls en vertroue verbreek word. Ouers kan die volgende maniere gebruik om hulle tieners te hanteer:

Gee tieners hulle privaatheid, veral wanneer dit kom by persoonlike sake en gesprekke met vriende. As jou tiener af lyk en nie wil gesels nie, beteken dit nie dat hulle jou nie meer in hulle lewe wil hê nie. Soms het tieners net tyd nodig om oor situasies te dink. As die tyd reg is, sal hulle daaroor praat.

Stel opreg belang in jou kind se alledaagse lewe met informele geselsies, maar gee ook vir hom ruimte en tyd en moenie hulle dwing om alles met jou te deel nie. Tieners sal dan stukkies van hulle lewe met die ouers deel.

Dis belangrik om ongemaklike gesprekke met jou tiener te hê sodat hy 'n ingeligte besluit kan neem. Wanneer dit by ongemaklike gesprekke kom, verwag tieners dat hulle ouers eerlik sal wees.

Eksamens is stresvol vir tieners. Rooi vlae soos wanneer die tiener se punte skerp daal, help ouers om probleme raak te sien. Ouers kan help deur 'n kalm omgewing te skep waarin tieners ten volle kan fokus sonder om oorlaai te voel.

Tieners ken hulle vriende, maar ouers se intuïsie kan nie net geïgnoreer word nie. Maak vrede met jou tiener se keuse van vriende al stem jy nie daarmee saam nie. Hy sal sy vriende dan huis toe bring.

[Bron: Verwerk uit: <https://www.sarie.com>]

10 punte

AFDELING C POËSIE**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Krisis – Elizabeth Eybers

- 1 Dis hier waar ons twee skei – jy Hart, en ek,
 2 albei tot afskeid so onvoorbereid.
 3 Die weg was lieflik waarlangs jy gelei't
 4 maar dis verby, al staar jy terug. Nou strek
 5 die pad langs klowe, afgrond en moeras.
 6 Voortvarend en 'n lafaard soos altyd
 7 en nooit in staat tot enige besluit
 8 en siek daarby, is jy nou net 'n las.
- 9 Jy was die gas en gasheer by die fees,
 10 die seremoniemeester en die nar:
 11 jou dwase raad kan net die Hoof verwar
 12 waar elke tree die laaste tree mag wees.
 13 Kyk, dit word laat, die kermis is verby,
 14 kan jy dit nie begryp? Hier moet ons skei.

[Bron: Verskuns, Riens Vosloo, Maxmillan]

5.1 Wie is die ek-spreker in die gedig? (1)

5.2 Die gedig is 'n voorbeeld van 'n sonnet.

5.2.1 Kies die korrekte woord uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en woord neer.

Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n (Italiaanse / Engelse) sonnet. (1)

5.2.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 5.2.1. (1)

5.3 Gee die funksie van die aandagstreep in versreël 1. (1)

5.4 Waarom is die woorde "Hoof" en "Hart" met hoofletters geskryf? (1)

5.5 Die lewenspad wat die ek-spreker nou volg, is aangenaam.

Motiveer waarom die bogenoemde stelling **onwaar** is deur 'n versreël uit strofe 1 aan te haal. (1)

5.6 Watter woord dui aan dat die "Hart" nie wyse raad gee nie? (1)

5.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

"die seremoniemeester en die nar:" (versreël 10) is 'n voorbeeld van 'n ...

A klanknabootsing.

B vergelyking.

C metafoor.

D wending. (1)

5.8 "Kyk dit word laat, die kermis is verby" (versreël 13)

Wat impliseer bogenoemde versreël van die verhouding tussen die "Hart" en die "Hoof"? (1)

5.9 Wat is die tema van die gedig? (1)
[10]

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die wêreld het so klein geword – Alta Marincowitz

- 1 Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakte,
2 deel granate in die boord,
3 lees boeke in hulle soeke na kennis
4 en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.
- 5 As kind bly my ma op 'n ruim erf
6 met 'n grasperk en twee bome,
7 sit sy vasgenael voor die kassie –
8 vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
9 Sy ken mense wat al oorsee was!
10 Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
11 en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.
- 12 Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,
13 die web is my werf en Gumtree my boom.
14 Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
15 gedeeltelik ontsluit en klankloos klets en kuier.
16 Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
17 en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
18 Die moontlikhede is duielingwek-
19 kend GROOT en die wêreld het so
20 klein geword dit pas in
21 die twaalf vierkante
22 meter van my
23 kamer
24 in.

[Bron: Verskuns, Riens Vosloo, Maxmillan]

6.1 Wat het veroorsaak dat die wêreld so klein geword het?

(1)

6.2 Watter woord in strofe 1 suggereer dat 'n storie vertel gaan word? (1)

6.3 Kies die antwoord wat die beste pas. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

Die woord "foun" is 'n voorbeeld van ...

A elisie.

B 'n argaïsme.

C woordspeling.

D 'n neologisme. (1)

6.4 Die spreker se ouma en haar ma het hulle omgewing as wyd ervaar.

6.4.1 Wat het die spreker se ouma in haar wye omgewing gedoen? (1)

6.4.2 Wat het die spreker se ma geïnspireer om deur die wye wêreld te reis? (1)

6.5 Waarmee "klik" die spreker die wêreld in haar huis in? (1)

6.6 "Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte gedeeltelik ontsluit en klankloos klets en kuier." (versreëls 14 en 15)

6.6.1 Na watter boek verwys versreëls 14 en 15? (1)

6.6.2 Wat lei jy af oor die mense wat hulle gesigte "gedeeltelik ontsluit"? (1)

6.7 Hoe groot is die spreker se kamer? (1)

6.8 Dink jy dit is slim van die spreker om met "ieder en elk " te gesels? Motiveer jou antwoord. (1)

[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Die dans van die reën – Eugène N. Marais

Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn

- 1 O die dans van ons Suster!
- 2 Eers oor die bergtop loer sy skelm, en haar oge is skaam;
- 3 en sy lag saggies.
- 4 En van ver af wink sy met die een hand;
- 5 haar armbande blink en haar krale skitter;
- 6 saggies roep sy.
- 7 Sy vertel die winde van die dans
- 8 en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.

- 9 Die grootwild jaag uit die vlakke,
- 10 hulle dam op die bulttop,
- 11 wyd rek hulle die neusgate
- 12 en hulle sluk die wind;
- 13 en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.

- 14 Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
- 15 en hulle kruip nader en sing saggies:
- 16 "Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

- 17 En haar krale skud,
- 18 en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
- 19 Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier:
- 20 sy trap af van die hoogte;
- 21 sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
- 22 die asem van die wind raak weg.
- 23 O, die dans van ons Suster!

[Bron: Verskuns, Riens Vosloo, Maxmillan]

- 7.1 Hoeveel strofes is daar in die gedig? (1)
- 7.2 Wat noem jy hierdie soort gedig as jy na die uiterlike struktuur van die gedig kyk? (1)
- 7.3 "*Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn*"
- 7.3.1 Wat noem jy hierdie deel van die gedig wat in **skuinsdruk** is? (1)
- 7.3.2 Wat is die **funksie** van die **skuinsdruk** in die gedig? (1)
- 7.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.
- "O" is 'n uitroep van
- A ontsteltenis
B blydschap
C hartseer
D woede (1)
- 7.5 Haal een woord uit strofe 1 aan wat na die donderweer verwys. (1)
- 7.6 Waar kruip die kleinvolk weg vir die reën? (1)
- 7.7 "en hulle kruip nader en sing saggies:" (versreël 15)
- Wat is die funksie van die dubbelpunt in hierdie versreël? (1)
- 7.8 Hoe weet die leser dat die wind nie meer waai nie? Haal 'n versreël aan. (1)
- 7.9 Waarvan is die "Suster" 'n simbool in die gedig? (1)
- [10]

30 punte

AFDELING D TAALVAARDIGHEID**VRAAG 8 SINSTRUKTURE**

Bestudeer die foto hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.



[Bron: BEELD 19 Januarie 2024]

8.1 Het die seun iets vir die eksamen geleer?

Nee, ... (1)

8.2 Die pa vra vir die seun: "Moes jy jou gapjaar in matriek vat?"

Die pa vra vir die seun of ... (1)

8.3 Die seun se pa is bekommerd oor sy skoolwerk. Dit pla die seun glad nie.

Al ... (1)

8.4 Die seun het sy plakkies uitgetrek.

Môre ... (1)

8.5 Buks se pa lees die koerant aandagtig.

Die koerant ... (1)

- 8.6 Tieners moet hulle slaapkamers netjies hou.
Tieners behoort ... (1)
- 8.7 Die stoel is van hout gemaak. Die seun rus met sy voet op die stoel.
Die stoel waarop ... (1)
- 8.8 Die seun het 'n glimlag op sy gesig; nogtans is hy bang.
Alhoewel ... (1)
- 8.9 Die bed is die vorige dag deur die seun opgemaak.
Die seun ... (1)
- 8.10 Die pa het 'n koerant in sy hande om die matriekuitslae te sien.
Die pa het 'n koerant in sy hande sodat ... (1)
- 8.11 Die seun trek sy plakkies uit dan ontspan hy lekker.
Gister ... (2)
- [12]**

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat op die foto gebaseer is deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord **ONDER MEKAAR** in jou antwoordboek neer.



[Bron: Google images]


Daar is 'n klub in Kaapstad waar heelwat **9.1 (vrywilliger – gee die meervoud)** gereeld help om die **9.2 (oliekolle – gee die verkleinwoord)** uit pikkewyne te haal. 'n Groot vragskip het gesink en van die **9.3 (besoedel – gee die verlede deelwoord)** strande moes skoongemaak word. Jongmense kan by die klub aansluit om met die pikkewyne se skoonmaak **9.4 (... – vul die ontbrekende woord in)** help. Die reëls van hierdie klub bepaal dat tieners **9.5 (17 – skryf die getal uit)** jaar oud moet wees voordat hulle kan aansluit. Jongmense wat help, doen dit **9.6 (gratis – gee die sinoniem)** sonder enige betaling. Die pikkewyne is **9.7 (skoon – gee die intensiewe vorm)** nadat die helpers eers begin werk het. Die **9.8 (besig – gee die oortreffende trap)** tyd van die jaar vir die klub is tussen Oktober en **9.9 (Maart – gee die afkorting)**. Sommige van die pikkewyne is nog **9.10 (jong/jonk – kies die korrekte byvoeglike naamwoord)** en hulle kan nie

ver swem nie. Die klub help **9.11 (nie gelukkig – gee een woord)** nie die helpers met blyplek nie en hulle moet self **9.12 (akkomodeer – gee die korrekte vorm van die woord)** reël. Die program duur ses weke en dit sluit 'n **9.13 (T-hemp / Themp / T hemp – kies die korrekte spelling)** in wat tydens die program gedra moet word. Die klub vergader elke **9.14 (4e – gee die rangtelwoord)** Saterdag van die maand en die koste is R65 wat **9.15 (elke maand – gee een woord)** betaal moet word. Hierdie klub is iets **9.16 (op + wat – gee een woord)** Suid-Afrikaners trots kan wees.

[8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Kyk na die prent hieronder.
- Voer die instruksies, wat by elke vraag gevra word, uit.
- Skryf elke keer wat jy dink die persoon in die situasie sou sê, neer.
- Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.
- Moenie die vetgedrukte woorde in jou antwoord herhaal nie.
- Elke antwoord moet 15–20 woorde lank wees.
- Jy mag meer as een sin skryf – solank jy net by die woordtelling hou.
- Skryf elke antwoord se woordtelling neer.



[Bron: shutterstock.com]

- 10.1 Die seun (A) is **opgewonde** oor **iets spesiaals** wat sy ma vir hom gekoop het om te drink. Skryf sy woorde aan haar neer. (2)
- 10.2 Die seun (B) is **teleurgesteld** oor die **verjaarsdagspresent** wat sy ma vir hom gekoop het. Hy gee vir sy ma die rede hoekom hy so voel. Wat sê hy vir sy ma? (2)
- 10.3 Die ma (C) is **bekommerd** dat oor haar kind se eetgewoontes. Sy verduidelik **watter soort kos** sy koop. Wat is haar woorde? (2)
- 10.4 Die man (D) vertel sy vrou hoe **dankbaar** hy oor die vakansie is. Hy gee vir haar die **rede** vir sy **dankbaarheid**. Wat sê hy? (2)
- 10.5 Die pa (E) sukkel om die pakkies in sy hande te dra. Hy **vra** sy dogter vir **hulp**. Hy gee ook die **rede** hoekom sy hom moet help. Skryf neer wat hy vra. (2)

[10]**30 punte****Totaal: 100 punte**